- (5) The dust management plan must be implemented within a time period specified by the authorised official in a written notice.
- (6) Failure to comply with the provisions of this section constitutes an offence.

### **Steps to abate nuisance**

**27.** At any time, the City may at its own cost take whatever steps it considers necessary in order to remedy the harm caused by the nuisance and prevent a recurrence of it, and may recover the reasonable costs incurred from the person responsible for causing the nuisance.

## **CHAPTER X GENERAL MATTERS**

### **Compliance notice**

- 28.**(1) An authorised official may serve a compliance notice on any person whom he or she reasonably believes is likely to act contrary to, or has acted in contravention of the By-law, calling upon that person –
- (a) to comply with the relevant section of the By-law;
  - (b) to take all necessary steps to prevent a recurrence of the non-compliance; and
  - (c) to comply with any other conditions contained in the notice.
- (2) A compliance notice under subsection (1) may be served –
- (a) upon the occupier, manager or owner of any premises, by –
    - (i) delivering it to the occupier, manager or owner or, if the owner cannot be traced or is living abroad, the agent of the owner;
    - (ii) transmitting it by registered post to the last known address of the owner or the last known address of the agent; or
    - (iii) delivering it to the address where the premises are situated, if the address of the owner and the address of the agent are unknown;
- (3) Failure to comply with a compliance notice constitutes an offence.

**Enforcement**

29. (1) An authorised official must take all lawful, necessary and reasonable practicable measures to enforce the provisions of this By-law.
- (2) The City may develop enforcement procedures which should take into consideration any national or provincial enforcement procedures.

**Appeals**

- 30.(1) Any person may appeal against a decision taken by an authorised official under this By-law by giving a written notice of the appeal in accordance with the provisions of section 62 of the Municipal Systems Act.

**Exemptions**

31. (1) Any person may apply to the City, in writing, for exemption from the application of a provision of this By-law.
- (2) The City may-
- (a) approve or refuse an application for exemption; and
  - (b) impose conditions when granting approval for applications for exemption, made in terms of subsection (1).
- (3) An application in terms of subsection (1) must be accompanied by substantive reasons.
- (4) The City may require an applicant applying for exemption to take appropriate steps to bring the application to the attention of relevant interested and affected persons and the public.
- (5) The steps contemplated in subsection (4) must include the publication of a notice in at least two newspapers, one circulating provincially and one circulating within the jurisdiction of the City-
- (a) giving reasons for the application; and
  - (b) containing such other particulars concerning the application as the air quality officer may require.
- (6) The City may -
- (a) from time to time review any exemption granted in terms of this section, and may impose such conditions as it may determine; and
  - (b) on good grounds withdraw any exemption.
- (7) The City may not grant an exemption under subsection (1) until the City has:
- (a) taken reasonable measures to ensure that all persons whose rights may be detrimentally affected by the granting of the exemption, including adjacent land owners or occupiers, are aware of the application for exemption.
  - (b) provided such persons with a reasonable opportunity to object to the application; and
  - (c) duly considered and taken into account any reasonable objections raised.

**Indemnity**

- 32.** The City shall not be liable for any damage caused to any property or premises by any action or omission on the part of the employees or officials of the City when exercising any function or performing any duty in terms of this By-law, provided that such employees or officials must, when exercising such function or performing such duty, take reasonable steps to prevent any damage to such property or premises.

**CHAPTER XI  
OFFENCES AND PENALTIES****Offences and penalties**

- 33.**(1) A person who contravenes sections 4(1) and (2), 6(3), 10(1) and (2), 11(1), 12(1), 19(1), 19(3), 20(1), 20(2), 21(1), 22(1), 24(1), 25(3), (4) , (5) and (6) , 26(1), (2), (3) and (5), 28(1), (2) and (3) is guilty of an offence.
- (2) Any person who is guilty of an offence in terms of this By-law is liable to a fine or, upon conviction to, imprisonment not exceeding 1 year or to both such fine and such imprisonment.
- (3) Any person who commits a continuing offence may be liable to a fine for each day during which that person fails to comply with a directive, compliance notice or repair notice, issued in terms of this By-law.
- (4) It is an offence to supply false information to an authorised official in respect of any issue pertaining to this By-law.
- (5) Where no specific penalty is provided, any person committing an offence in terms of this By-law is liable to a fine and upon conviction to imprisonment for a period not exceeding one (1) year or to both such imprisonment and such fine.
- (6) In addition to imposing a fine or imprisonment, a court may order any person convicted of an offence under this By-law -
- (a) to remedy the harm caused; and
  - (b) to pay damages for harm caused to another person or to property.

**Repeal and savings**

- 34.** (1) The City of Cape Town: Air Quality Management By-law 2010 is hereby repealed.
- (2) Anything done or deemed to have been done under any other by-law relating to air quality remains valid to the extent that it is consistent with this By-law.

**Short title**

- 35.** This By-law is called the City of Cape Town: Air Quality Management By-law, 2016.

**SCHEDULE 1**  
**Standards and specifications for fuel-burning equipment:**

1. All fuel-burning equipment capable of burning more than 100kg/h of coal, biomass or other solid fuel shall be fitted with suitable control equipment so as to limit dust and grit emissions.
2. The control equipment shall be fitted in such a manner so as to facilitate easy maintenance.
3. The permitted concentration of grit and dust emissions from a chimney serving a coal fired boiler equipped with any mechanical draught fan system shall not be more than 250 mg/Nm<sup>3</sup> (as measured at 0°C, 101,3 kPa and 12% CO<sub>2</sub>). Where the fuel-burning equipment has been declared as a Controlled Emitter in terms of the Air Quality Act, the respective Controlled Emitter Regulations shall apply.  
The approved methods for testing shall be:

**US EPA:**

1. Method 17 - In-Stack Particulate (PM).
2. Method 5 - Particulate Matter (PM).

**ISO standards:**

ISO 9096: Stationary source emissions - Manual Determination of mass concentration of particulate matter.

**British standards:**

BS 3405:1983 Method for measurement of particulate emission including grit and dust (simplified method).

4. The City reserves the right to call upon the owner or his or her agent of the fuel burning equipment to have the emissions from such fuel burning equipment evaluated at his or her own expense as may be required by the authorised official.

**Insulation of chimneys:**

All fuel-burning equipment using Heavy Fuel Oil or other liquid fuels with a sulphur content equal to or greater than 2.5 % by weight must be fitted with a fully insulated chimney using either a 25mm air gap or mineral wool insulation to prevent the formation of acid smut. Such chimneys must be maintained in a good state of repair at all times.

**Wood-fired pizza ovens and other solid fuel combustion equipment:**

Wood-fired pizza ovens and other solid fuel combustion equipment shall be fitted with induced draft fans at the discretion of the authorised official.



## SCHEDULE 2

### **Good management practices to prevent or minimise the discharge of smoke from open burning of vegetation**

1. Consider alternatives to burning – e.g. mulching for recovery of nutrient value, drying for recovery as firewood.
2. Vegetation that is to be burned (such as trimmings, pruning or felling's cut from active growth) should as a general guide be allowed to dry to brown appearance prior to burning.
3. Except for tree stumps or crop stubble, the place of combustion should be at least 50 metres from any road other than a highway, and 100 metres from any highway or dwelling on a neighbouring property.
4. Due regard should be given to direction and strength of wind, and quantity and state of vegetation to be combusted, prior to initiating combustion.
5. In the case of vegetation previously treated by spray with any agrichemical, any manufacturer's instructions as on the label of any container in respect of the burning of treated vegetation must be observed.
6. Two days' fine weather should be allowed prior to burning.
7. Vegetation should be stacked loosely rather than compacted.
8. A small fire, started with the driest material, with further material continually fed onto it once it is blazing, is preferable to a large stack ignited and left unattended.

**Note:** Persons conducting open burning of vegetation must ensure compliance with the requirements of the National Veld and Forest Fire Act, 1998, (Act No. 101 of 1998) as amended.

## STAD KAAPSTAD

### VERORDENING OP LUGGEHALTEBESTUUR, 2016

Om bepalings neer te lê oor luggehaltebestuur en redelike maatreëls om lugbesoedeling te voorkom; om bepalings neer te lê oor die aanwysing van 'n luggehaltebeampte; om bepalings neer te lê oor die bepaling van plaaslike vrystellingsnorme en -standaarde sowel as die verklaring van rookbeheersones; om rookvrystellings uit wonings en van ander persele te verbied; om bepalings neer te lê oor die installering en hantering van brandstofverbrandingstoerusting en verduisteringsmeters sowel as oor monitering en monsterontleding; om vrystellings as gevolg van stof, oop verbranding en materiaalverbranding te verbied; om die vrystelling van donker rook uit voertuie met kompressieontstekingsenjins te verbied, en bepalings neer te lê oor voorkeer-, inspeksie- en toetsprosedures; om 'n verbod te plaas op atmosferiese vrystellings wat 'n steurnis veroorsaak; om die Stad Kaapstad Verordening op Luggehaltebestuur, 2010, te herroep, en om bepalings neer te lê oor sake bykomend daartoe.

#### AANHEF

**NADEMAAL** almal die grondwetlike reg het op 'n omgewing wat nie skadelik is vir hulle gesondheid of welstand nie;

**NADEMAAL** almal die grondwetlike reg het op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat –

- a) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;
- b) bewaring bevorder; en
- c) die ekologiese volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder;

**NADEMAAL** deel B van bylae 4 by die Grondwet lugbesoedeling opnoem as 'n plaaslikeregerings-aangeleentheid in soverre dit in artikel 155(6)(a) en (7) uiteengesit word;

**NADEMAAL** artikel 156(1)(a) van die Grondwet bepaal dat 'n munisipaliteit die reg het op die administrasie van die plaaslike regeringaangeleenthede in deel B van bylae 4 en deel B van bylae 5;

**NADEMAAL** artikel 156(2) van die Grondwet bepaal dat 'n munisipaliteit verordeninge kan uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleentheid wat hy die reg het om te administreer;

**NADEMAAL** artikel 156(5) van die Grondwet bepaal dat 'n munisipaliteit die reg het om enige bevoegdheid uit te oefen met betrekking tot 'n aangeleentheid wat redelikerwys nodig is vir, of verband hou met, die doeltreffende verrigting van sy funksies;

**EN NADEMAAL** die Stad Kaapstad streef na die bestuur van luggehalte en die beheer van lugbesoedeling in die regsgebied van die Stad en wil verseker dat lugbesoedeling voorkom word of, waar dit nie geheel en al voorkom kan word nie, beperk en reggestel word;

**DAAROM VERORDEN** die raad van die Stad Kaapstad **NOU SOOS VOLG:**

## **INHOUDSOPGAWE**

### **HOOFSTUK I**

#### **VERTOLKING EN GRONDBEGINSELS**

1. Woordomskrywing
2. Toepassing van hierdie verordening
3. Strydigheid met ander wette

### **HOOFSTUK II**

#### **SORGSAMHEIDSPILIG**

4. Redelike maatreëls om lugbesoedeling te voorkom

### **HOOFSTUK III**

#### **AANWYSING VAN LUGGEHALTEBEAMPTTE**

5. Aanwysing van die luggehaltebeampte

### **HOOFSTUK IV**

#### **PLAASLIKE VRYSTELLINGSTANDAARDE, NORME EN STANDAARDE, EN ROOKBEHEERSONES**

##### **Deel 1: Plaaslike vrystellingstandaarde**

6. Wetlike mandaat

##### **Deel 2: Norme en standaarde**

7. Proses vir identifikasie van stowwe
8. Verklaring van lugbesoedelingsbeheersone

### **HOOFSTUK V**

#### **ROOKVRYSTELLINGS VAN PERSELE BUITEN WONINGS**

9. Toepassing
10. Verbod op die vrystelling van donker rook van persele
11. Installering van brandstofverbrandingstoerusting
12. Hantering van brandstofverbrandingstoerusting
13. Periodieke vrystellingstoetse
14. Veronderstelling
15. Installering en hantering van verduisteringsmeters
16. Monitering en monsterontleding

17. Tydelike vrystelling

#### **HOOFSTUK VI**

##### **ROOKVRYSTELLINGS UIT WONINGS**

18. Verbod op die vrystelling van donker rook uit wonings

#### **HOOFSTUK VII**

##### **VRYSTELLINGS AS GEVOLG VAN OOP VERBRANDING**

19. Magtiging van oop verbranding en materiaalverbranding
20. Vrystellings as gevolg van die verbranding van bande, rubber en ander materiaal vir metaalherwinning

#### **HOOFSTUK VIII**

##### **VRYSTELLINGS UIT VOERTUIE MET KOMPRESSIEONTSTEKINGSENJINS**

21. Verbod op die vrystelling van donker rook uit voertuie met kompressieontstekingsenjins
22. Voorkeer van voertuie vir inspeksie en toetsing
23. Toetsprosedure
24. Herstelkennisgewing

#### **HOOFSTUK IX**

##### **VRYSTELLINGS WAT 'N STEURNIS VEROORSAAK**

25. Verbod op vrystellings wat 'n steurnis veroorsaak
26. Stofvrystellings
27. Stappe om steurnis te verwyder

#### **HOOFSTUK X**

##### **ALGEMENE SAKE**

28. Voldoeningskennisgewing
29. Afdwinging
30. Appèlle
31. Vrystellings
32. Vrywaring

#### **HOOFSTUK XI**

##### **OORTREDINGS EN STRAFMAATREËLS**

33. Oortredings en strafmaatreëls
34. Herroeping en uitsonderingsbepalings

35. Kort titel

### **Bylae 1 – Standaarde en spesifikasies vir brandstofverbrandingstoerusting**

### **Bylae 2 – Goeie bestuurspraktyke om rookvrystelling by die oop verbranding van plantegroei te voorkom of te beperk**

## **HOOFSTUK I VERTOLKING EN GRONDBEGINSELS**

### **Woordomskrywing**

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

“**atmosfeer**” lug wat nie deur 'n gebou, masjien, skoorsteen of ander soortgelyke struktuur ingesluit word nie;

“**atmosferiese vrystelling**” of “**vrystelling**” enige vrystelling- of meeslepingsproses uit 'n punt-, niepunt- of mobiele bron, soos die Wet op Luggehalte dit omskryf, wat tot lugbesoedeling lei;

“**bes uitvoerbare omgewingskeuse**” die keuse wat die grootste voordeel of die minste skade vir die omgewing in die geheel inhou, teen 'n koste wat op sowel lang as kort termyn vir die samelewing aanvaarbaar is;

“**brandstofverbrandingstoerusting**” enige geïnstalleerde oond, ketel, verbrander, verbrandingsoond, berokingstoestel, houtstoof, kommersiële hout- of houtskoolbraaitoestel of ander toerusting, met inbegrip van 'n skoorsteen, wat –

- (a) ontwerp of daartoe in staat is om vloeistof, gas of vaste brandstof te verbrand;
- (b) gebruik word om weg te doen met enige materiaal, waaronder algemene en gevaarlike afval, deur die aanwending van hitte, teen 'n hoeveelheid van minder as 10 kg afval per dag; of
- (c) gebruik word om vloeistof, gas of vaste brandstof aan enige proses te onderwerp waarby die aanwending van hitte betrokke is;

dog met uitsluiting van noodkragopwekkers en tydelike noodkragopwekkers, huishoudelike brandstofverbrandingstoerusting, en kommersiële kooktoerusting wat met gas werk;

“**donker rook**” -

- (a) met betrekking tot hoofstuk V en hoofstuk VI van hierdie verordening, rook wat 'n verduistering van 20% of meer toon as dit met 'n ligabsorpsiemeter, verduisteringsmeter of ander soortgelyke toerusting gemeet word;
- (b) met betrekking tot hoofstuk VIII van hierdie verordening –
  - (i) rook uit die uitlaat van normaal geaspireerde kompressieontstekingsenjins met 'n digtheid van 50 of meer Hartridge-rookeenhede, of 'n ligabsorpsiekoëffisiënt van meer as 1,61 m<sup>-1</sup>, of 'n ondeursigtigheidspersentasie van 18,57; en
  - (ii) rook uit die uitlaat van turboaangejaagde kompressieontstekingsenjins met 'n digtheid van 56 of meer Hartridge-rookeenhede, of 'n ligabsorpsiekoëffisiënt van meer as 1,91 m<sup>-1</sup>, of 'n ondeursigtigheidspersentasie van 21,57;

“**gemagtigde amptenaar**” ’n werknemer van die Stad met die verantwoordelikheid om enige plig, bevoegdheid of mag ingevolge hierdie verordening uit te voer of uit te oefen, met inbegrip van werknemers aan wie die verantwoordelikheid vir die uitvoering of uitoefening van sodanige pligte, bevoegdheid of magte gedelegeer is;

“**lewende organisme**” enige biologiese entiteit wat genetiese materiaal, waaronder steriele organismes en virusse, kan oordra of repliseer;

“**ligabsorpsiemeter**” ’n meettoestel wat ’n ligsensitiewe sel of verklikker gebruik om te bepaal hoeveel lig ’n lugbesoedelende stof absorbeer;

“**lugbesoedelende stof**” onder andere enige stof, rook, dampe of gas wat lugbesoedeling veroorsaak of kan veroorsaak;

“**lugbesoedeling**” enige verandering in die omgewing weens enige stof wat deur enige aktiwiteit in die atmosfeer vrygestel word, waar sodanige verandering ’n nadelige uitwerking het, of in die toekoms ’n nadelige uitwerking sal hê, op die mens se gesondheid of welstand, of op die samestelling, weerstand en produktiwiteit van natuurlike of bestuurde ekosisteme, of op materiale wat nuttig is vir die mens;

“**lugbesoedelingsbeheersone**” ’n geografiese gebied wat ingevolge artikel 8 van die verordening tot ’n lugbesoedelingsbeheersone vir die doeleindes van hoofstuk IV van die verordening verklaar word;

“**luggehaltebeampte**” die luggehaltebeampte wat ingevolge artikel 14(3) van die Wet op Luggehalte as sodanig aangewys word;

“**luggehaltebestuursplan**” die luggehaltebestuursplan waarna artikel 15 van die Wet op Luggehalte verwys;

“**nadelige uitwerking**” enige werklike of moontlike uitwerking op die omgewing wat die omgewing of enige aspek daarvan dermate benadeel of sou kon benadeel dat dit nie as onbeduidend of onbelangrik beskou kan word nie;

“**omgewing**” die milieu waarin mense bestaan en wat bestaan uit -

- (a) die grond, water en atmosfeer van die aarde;
- (b) mikro-organismes en die plante- en dierelewe;
- (c) enige deel of samevoeging van (a) en (b), en die onderlinge verwantskappe daartussen; en
- (d) die fisiese, chemiese, estetiese en kulturele eienskappe en toestande van voormelde wat mense se gesondheid en welstand raak;

“**omringende lug**” dieselfde as in artikel 1 van die Wet op Luggehalte;

“**ongemagtigde verbranding**” verbranding van enige materiaal op enige plek of met enige toestel op enige perseel buite met ’n goedgekeurde verbrandingstoestel sonder om die vooraf- skriftelike toestemming van die Stad te verkry;

“**oop verbranding**” die verbranding van enige materiaal sonder ’n skoorsteen waardeur die produkte van verbranding in die atmosfeer vrygestel word, met inbegrip van brande vir die doel van brandveiligheidsopleiding, dog met uitsluiting van enige ontspannings- of kommersiële braai, en “**verbranding in die ope lug**” het ’n ooreenstemmende betekenis;

**“opdrag”** 'n instruksie wat die gedelegeerde owerheid uitreik ingevolge waarvan 'n persoon sekere aktiwiteite moet uitvoer of staak om enige nadelige uitwerking op luggehalte, gesondheid of die omgewing te voorkom;

**“openbare pad”** 'n pad met betrekking waartoe die publiek gebruiksreg het;

**“operateur”** 'n persoon wat 'n onderneming besit of bestuur of 'n bedryf of proses beheer wat lugbesoedelende stowwe vrystel;

**“perseel”** onder andere -

- (a) enige gebou of ander struktuur;
- (b) enige aangrensende grond of wat met betrekking tot enige aktiwiteit in daardie gebou of struktuur beset of gebruik word;
- (c) enige oop grond;
- (d) enige lokomotief, skip, boot of ander tuig wat in die regsgebied van die Stad funksioneer; en
- (e) enige entiteit of grond in staatsbesit;

**“persoon”** 'n natuurlike of regspersoon;

**“provinsiale regering”** die provinsiale regering van die Wes-Kaap;

**“raad”** die munisipale raad van die Stad;

**“rook”** die gasse, deeltjies en produkte van verbranding wat met die verbranding of verhitting van materiaal in die atmosfeer vrygestel word, met inbegrip van die roet, grint en grinterige deeltjies wat as deel van rook vrygestel word;

**“skoorsteen”** enige struktuur of opening van enige aard waaruit of waardeur lugbesoedelende stowwe vrygestel kan word;

**“spesialisstudie”** enige wetenskaplik gegronde studie met betrekking tot luggehalte wat deur 'n kundige of erkende spesialis met toepaslike kwalifikasies en bevoegdheid op die vakgebied van luggehaltebestuur uitgevoer word;

**“spuitgebied”** 'n gebied of ingeslote area waarna artikel 25 verwys en wat vir spuitverfwerk gebruik word, en **“spuitkamer”** het 'n ooreenstemmende betekenis;

**“Stad”** die Stad Kaapstad wat volgens Provinsiale Kennisgewing nr 479 van 2000 ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) ingestel is, of enige struktuur of werknemer van die Stad wat ingevolge gedelegeerde bevoegdheid optree;

**“Stadsbestuurder”** 'n persoon wat die raad ingevolge artikel 54A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) as sodanig aanstel;

**“steurnis”** wanneer lugbesoedeling onredelik inbreuk maak of waarskynlik sal maak, en 'n nadelige uitwerking het, op -

- (a) die gesondheid of welstand van enige persoon of lewende organisme; of
- (b) 'n eienaar of okkuperder se gebruik en genieting van sy of haar eiendom of die omgewing;

**“stof”** enige vaste stof in 'n fyn of gedisintegreerde vorm wat in die atmosfeer kan versprei of sweef;

“**uitvoerende direkteur: stadsgesondheid**” die uitvoerende direkteur van die Stad wat vir gesondheidsake verantwoordelik is;

“**verbrande metaal**” enige metaal waarvan die buitenste laag verwyder is deur middel van verbranding op enige plek of met enige toestel buiten 'n goedgekeurde verbrandingstoestel ten einde die metaal onder die buitenste laag te herwin;

“**verduistering**” die verhouding van sigbare lig wat verswak is deur lugbesoedelende stowwe wat in die uitvloeistrome sweef, tot die inval van sigbare lig, uitgedruk as 'n persentasie;

“**voertuig**” enige motorkar, motorfiets, bus, vragmotor of ander vervoermiddel wat in die geheel of gedeeltelik deur enige vlugtige spiritus, stoom, gas of olie, of enige ander middel buiten menslike of dierekrag, aangedryf word;

“**voertuig met 'n kompressieontstekingsenjin**” 'n voertuig wat deur 'n binneverbranding-, kompressieontsteking-, diesel- of soortgelyke brandstofenjin aangedryf word;

“**voortgesette oortreding**” 'n oortreding waar die handeling of versuim wat tot die uitreiking van 'n kennisgewing aanleiding gee, nie herstel, verwyder of reggestel word teen die verstrykingsdatum van 'n kennisgewing wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is nie;

“**vryversnellingsstoets**” die toetsprosedure wat in artikel 23 beskryf word;

“**Wet op Luggehalte**” die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehalte, 2004 (Wet 39 van 2004);

“**Wet op Munisipale Stelsels**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000); en

“**woning**” enige gebou of struktuur, of deel van 'n gebou of struktuur, wat as tydelike of permanente woonplek gebruik word, met inbegrip van enige buitegebou of ander bykomstige struktuur.

### **Toepassing van hierdie verordening**

2. Hierdie verordening is van toepassing op alle eiendomme of persele in die regsgebied van die Stad.

### **Strydigheid met ander wette**

3. In geval van strydigheid tussen hierdie verordening en enige ander verordening of beleid wat lugbesoedeling reguleer, sal die bepalinge van hierdie verordening geld in soverre dit met luggehaltebestuur verband hou.

## **HOOFSTUK II SORGSAAMHEIDSPILIG**

### **Redelike maatreëls om lugbesoedeling te voorkom**

4. (1) Enige persoon wat ten volle of gedeeltelik verantwoordelik is vir die ontstaan van lugbesoedeling of die skep van 'n lugbesoedelingsgevaar moet alle redelike maatreëls tref, met inbegrip van die bes uitvoerbare keuse –

- (a) om te voorkom dat enige moontlik beduidende lugbesoedeling plaasvind; en
- (b) om die omgewingsimpak en -gevolge van enige lugbesoedeling wat plaasgevind het te temper en so ver redelik moontlik te herstel.



- (2) Die Stad kan enige persone wat versuim om die vereiste maatreëls ingevolge subartikel (1) te tref, opdrag gee om –
- (a) die omgewingsimpak van sekere aktiwiteite te ondersoek, te evalueer en te beoordeel en daarvoor verslag te doen;
  - (b) voor 'n sekere datum bepaalde redelike maatreëls te tref;
  - (c) toegewyd met sodanige maatreëls vol te hou; en
  - (d) die maatreëls voor 'n bepaalde redelike datum af te handel;
- met dien verstande dat die Stad sodanige persone voor so 'n opdrag voldoende kennis sal gee en versoek om die gemagtigde amptenaar van hulle tersaaklike belange in te lig.
- (3) Indien 'n persoon versuim om gehoor te gee of voldoende gehoor te gee aan 'n opdrag wat in subartikel (2) beoog word, kan die Stad redelike maatreëls tref om die situasie reg te stel.
- (4) Indien 'n persoon versuim om die maatreëls in subartikel (1) te tref, kan die Stad alle redelike koste wat aangegaan word vir optrede ingevolge subartikel (3) van enige van of al die onderstaande persone verhaal:
- (a) enige persoon wat verantwoordelik is of was vir, of regstreeks of onregstreeks bygedra het tot, die lugbesoedeling of moontlike lugbesoedeling;
  - (b) die grondeienaar ten tyde van die lugbesoedeling of moontlike lugbesoedeling;
  - (c) die persoon in beheer van die grond of enige persoon met die huidige of gewese reg om die grond te gebruik -
    - (i) toe die betrokke aktiwiteit of proses uitgevoer of onderneem is; of
    - (ii) toe die situasie ontstaan het; of
  - (d) enige persoon wat op nalatige wyse versuim om te voorkom -
    - (i) dat die aktiwiteit of proses uitgevoer of onderneem word; of
    - (ii) dat die situasie ontstaan.
- (5) Enige persoon wat versuim om te voldoen aan 'n opdrag wat 4(2) hierbo beoog, is skuldig aan 'n oortreding ingevolge hoofstuk XI van hierdie verordening.

### **HOOFSTUK III AANWYSING VAN LUGGEHALTEBEAMPTTE**

#### **Aanwysing of aanstelling van die luggehaltebeampte**

5. Die Stadsbestuurder moet in oorleg met die uitvoerende direkteur: stadsgesondheid 'n werknemer van die Stad Kaapstad as die luggehaltebeampte aanwys of aanstel, wat verantwoordelik sal wees vir die koördinerings van aangeleenthede met betrekking tot luggehaltebestuur en die verlening of weiering van lisensies of voorlopige lisensies vir atmosferiese vrystellings ingevolge die Wet op Luggehaltebeheer in die regsgebied van die Stad.

## HOOFSTUK IV PLAASLIKE VRYSTELLINGSTANDAARDE, NORME EN STANDAARDE, EN ROOKBEHEERSONES

### Deel 1: Plaaslike vrystellingstandaarde

#### Wetlike mandaat

6. (1) Die Stad kan deur middel van kennisgewing -

- (a) stowwe of mengsels stowwe in die omringende lug identifiseer wat deur omringende konsentrasies, bioakkumulاسie, afsetting of op enige ander manier 'n bedreiging vir gesondheid, welstand of die omgewing in die regsgebied van die Stad Kaapstad inhou, of wat na die luggehaltebeampte se redelike oordeel sodanige bedreiging inhou; en
- (b) met betrekking tot elk van daardie stowwe of mengsels stowwe plaaslike standaarde vir vrystelling van punt-, niepunt- of mobiele bronne in die regsgebied van die Stad Kaapstad publiseer.

(2) In die vaststelling van plaaslike vrystellingstandaarde kan die Stad die volgende faktore in ag neem:

- (a) gesondheid-, veiligheid- en omgewingsbeskermingsdoelwitte;
- (b) ontledingsmetodologie;
- (c) die tegniese uitvoerbaarheid;
- (d) moniteringsvermoë;
- (e) sosio-ekonomiese gevolge;
- (f) die ekologiese rol van brande by plantreste; en
- (g) die bes uitvoerbare omgewingskeuse.

(3) Enige persoon wat stowwe of mengsels stowwe vrystel waarna subartikel (1) hierbo verwys, moet voldoen aan die plaaslike vrystellingstandaarde wat ingevolge hierdie verordening gepubliseer word, en versuim om daaraan te voldoen maak 'n oortreding ingevolge hoofstuk XI van hierdie verordening uit.

### Deel 2: Norme en standaarde

#### Proses vir identifikasie van stowwe

7.(1) In die identifikasie en prioritering van die stowwe in die omringende lug wat 'n bedreiging vir openbare gesondheid, welstand of die omgewing inhou, moet die Stad die volgende in ag neem:

- (a) die moontlikheid, ergheidsgraad en gereeldheid van die uitwerking op mense se gesondheid en die omgewing in die geheel, veral onomkeerbare uitwerkings;
- (b) alomteenwoordige en hoë konsentrasies van die stof in die atmosfeer;
- (c) moontlike omgewingstransformasies en metaboliese veranderinge in die stof, aangesien sodanige veranderinge tot die produksie van chemikalieë met groter toksiese nawerking in die omgewing kan lei, veral indien die stof nie bioafbreekbaar is nie en in mense, die omgewing of voedselkettings kan opbou;

- (d) die impak van die stof, gedagtig aan die volgende faktore:
  - (i) die omvang van die bevolking, lewende hulpbronne of ekosisteme;
  - (ii) die bestaan van bepaald sensitiewe reseptore in die betrokke sone; en
- (e) stowwe wat onder internasionale konvensies val.

(2) Die luggehaltebeampte moet aan die hand van die maatstawwe in subartikel (1) 'n lys opstel van stowwe in die omringende lug wat 'n bedreiging vir openbare gesondheid, welstand of die omgewing inhou.

### **Verklaring van lugbesoedelingsbeheersone**

8. (1) Hiermee word die hele regsgebied van die Stad Kaapstad tot 'n lugbesoedelingsbeheersone verklaar.

(2) Binne die lugbesoedelingsbeheersone kan die Stad van tyd tot tyd deur middel van kennisgewing in die Provinsiale Koerant -

- (a) die vrystelling van een of meer lugbesoedelende stowwe van alle of sekere persele verbied of beperk;
- (b) die verbranding van sekere soorte brandstof verbied of beperk;
- (c) verskillende luggehaltevereistes in 'n lugbesoedelingsbeheersone voorskryf met betrekking tot:
  - (i) verskillende geografiese gedeeltes;
  - (ii) bepaalde persele;
  - (iii) klasse persele;
  - (iv) persele wat vir bepaalde doeleindes gebruik word; of
  - (v) mobiele bronne.

(3) Die Stad kan beleide en riglyne, waaronder tegniese riglyne, opstel en publiseer met betrekking tot die regulering van aktiwiteite wat regstreeks of onregstreeks lugbesoedeling in 'n lugbesoedelingsbeheersone veroorsaak.

(4) Geen eienaar of okkupeerder van enige perseel mag veroorsaak of toelaat dat rook van sodanige perseel uitvloei of vrygestel word wat van so 'n digtheid of inhoud is dat dit lig met meer as twintig (20) persent sal verduister nie.

## **HOOFSTUK V ROOKVRYSTELLINGS VAN PERSELE BUITEN WONINGS**

### **Toepassing**

9. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk sluit "**persele**" nie wonings in nie.

**Verbod op die vrystelling van donker rook van persele**

10. (1) Onderworpe aan subartikel (2), mag donker rook nie vir langer as drie (3) minute altesaam gedurende enige aaneenlopende tydperk van dertig (30) minute van enige perseel vrystel word nie.
- (2) Hierdie artikel is nie van toepassing op donker rook wat deur brandstofverbrandings-toerusting vrystel word wanneer sodanige toerusting aangesit, nagesien of herstel word nie, tensy sodanige vrystelling deur middel van die bes uitvoerbare omgewingskeuse voorkom kon word.
- (3) Subartikel (1) en (2) is nie van toepassing op die houers van lisensies vir atmosferiese vrystellings vir aktiwiteite wat ingevolge artikel 21 van die Wet op Luggehaltebeheer gelys word nie, en die vrystellingstandaarde wat in sodanige lisensies vir atmosferiese vrystellings bepaal word, sal geld.

**Installering van brandstofverbrandingstoerusting**

11. (1) Geen persoon mag sonder die vooraf- skriftelike toestemming van die Stad enige brandstofverbrandingstoerusting op enige perseel installeer, wysig, uitbrei, vervang of hanteer nie, welke toestemming slegs na oorweging van die voltooide voorgeskrewe aansoekvorm sowel as die tersaaklike planne en spesifikasies verleen mag word.
- (2) Geen regte val enige aansoeker om skriftelike toestemming ingevolge subartikel (1) toe terwyl die aansoek nog oorweeg word nie.
- (3) Daar sal aangeneem word dat skriftelike toestemming deur die Stad met betrekking tot die installering, wysiging, uitbreiding, vervanging of hantering van enige brandstofverbrandingstoerusting ingevolge 'n verordening oor luggehaltebestuur of 'n regulasie ingevolge die Wet op Voorkoming van Atmosferiese Besoedeling wat nou herroep is, aan die vereistes van subartikel (1) voldoen indien bewys van sodanige toestemming aan die gemagtigde amptenaar voorsien word.
- (4) Waar brandstofverbrandingstoerusting strydig met subartikel (1) geïnstalleer, gewysig, uitgebrei of vervang word, kan die gemagtigde amptenaar deur middel van skriftelike kennisgewing aan die eienaar van die perseel of die operateur van die toestel:
- (a) gelas dat die brandstofverbrandingstoerusting binne die tydperk wat in die kennisgewing aangedui word op die eienaar, operateur of albei se onkoste van die perseel verwyder word, of
- (b) 'n boete van hoogstens R10 000 opleë voordat 'n aansoek om skriftelike toestemming ingevolge subartikel (1) oorweeg word.
- (5) Waar die eienaarskap van brandstofverbrandingstoerusting wat deur die Stad goedgekeur is na 'n nuwe eienaar oorgedra word, moet die nuwe eienaar ingevolge subartikel (1) aansoek doen om skriftelike toestemming om sodanige toerusting te gebruik.
- (6) Brandstofverbrandingstoerusting moet aan die vrystellingstandaarde in bylae 1 by hierdie verordening voldoen.

**Hantering van brandstofverbrandingstoerusting**

12. (1) Geen persoon mag enige brandstofverbrandingstoerusting op enige perseel in stryd met skriftelike toestemming ingevolge artikel 11(1) gebruik of hanteer nie.
- (2) Waar brandstofverbrandingstoerusting op die perseel in stryd met subartikel (1) gebruik of hanteer word, kan die gemagtigde amptenaar deur middel van skriftelike kennisgewing aan die eienaar van die perseel of die operateur van die brandstofverbrandingstoerusting -
- (a) die skriftelike toestemming waarna subartikel (1) verwys, terugtrek; en
  - (b) gelas dat die brandstofverbrandingstoerusting binne die tydperk wat die kennisgewing aandui op die eienaar en operateur se onkoste van die perseel verwyder word.
- (3) Ingeval die eienaar van die perseel of operateur van die brandstofverbrandingstoerusting weier om gehoor te gee aan 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (2) uitgereik is, kan die gemagtigde amptenaar die brandstofverbrandingstoerusting van die perseel verwyder, en die redelike koste wat daarvoor aangegaan is van die betrokke eienaar of operateur verhaal.

**Periodieke vrystellingstoetse**

13. Die gemagtigde amptenaar kan gelas dat die eienaar of operateur van enige brandstofverbrandingstoerusting wat vaste brandstowwe kan verbrand, periodieke vrystellingstoetse ooreenkomstig die voorgeskrewe metodes in bylae 1 by hierdie verordening uitvoer.

**Veronderstelling**

14. (1) Daar sal veronderstel word dat donker rook van 'n perseel vrygestel is indien daar aangetoon word dat enige brandstof of materiaal op die perseel verbrand is, en die omstandighede sodanig was dat die verbranding redelik waarskynlik tot die vrystelling van donker rook sou lei, tensy die eienaar, okkupeerder of operateur, na gelang van omstandighede, kan bewys dat geen donker rook vrygestel is nie.
- (2) Waar 'n gemagtigde amptenaar opmerk dat brandstofverbrandingstoerusting deeltjievrystellings vrystel, of donker rook vir altesaam meer as drie minute per halfuur, kan die gemagtigde amptenaar 'n voldoeningskennisgewing uitreik wat die operateur of eienaar gelas om onmiddellik die gebruik van die brandstofverbrandingstoerusting te staak totdat die brandstofverbrandingstoerusting tot die bevrediging van die gemagtigde amptenaar herstel is.
- (3) Versuim om gehoor te gee aan 'n bevel wat ingevolge subartikel (2) uitgereik is, maak 'n oortreding uit.

**Installering en hantering van verduisteringsmeters**

15. (1) 'n Gemagtigde amptenaar kan enige operateur van brandstofverbrandingstoerusting, of enige eienaar of okkupeerder van 'n perseel waar brandstofverbrandingstoerusting gebruik of hanteer word, of veronderstel is om gebruik of hanteer te word, kennis gee om op sy of haar onkoste 'n verduisteringsmeter te installeer, in stand te hou en te hanteer indien -
- (a) ongemagtigde en onregmatige vrystellings van donker rook van die betrokke perseel aanhoudend en gereeld oor 'n tydperk van minstens twee dae voorkom;
  - (b) ongemagtigde en onregmatige vrystellings van donker rook van die betrokke perseel met tussenposes oor 'n tydperk van minstens veertien dae voorkom;

- (c) brandstofverbrandingstoerusting op die betrokke perseel geïnstalleer is, of veronderstel is om geïnstalleer te word, wat redelik waarskynlik donker rook sal vrystel;
- (d) die persoon aan wie die kenisgewing bestel is by meer as een geleentheid in die vorige twee jaar skuldig bevind is of 'n afkoopboete betaal het met betrekking tot 'n oortreding ingevolge hierdie hoofstuk of enige vorige verordening oor luggehaltesake, en nie voldoende maatreëls getref het om verdere oortreding van die bepalings van hierdie hoofstuk te voorkom nie; of
- (e) die gemagtigde amptenaar van oordeel is dat die aard van die lugbesoedelende stowwe wat van die betrokke perseel vrygestel word, redelik waarskynlik 'n gevaar vir mense se gesondheid of die omgewing inhou.

### Monitering en monsterontleding

16. 'n Okkupeerder of eienaar van 'n perseel en die operateur van enige brandstofverbrandingstoerusting van wie daar vereis word om ingevolge artikel 15(1) 'n verduisteringsmeter te installeer, moet -

- (a) alle resultate van monitering en monsterontleding aanteken en vir minstens vier jaar nadat die resultate verkry is 'n afskrif van sodanige dokument bewaar;
- (b) indien 'n gemagtigde amptenaar so versoek -
  - (i) die dokument met die monitering- en monsterontledingsresultate vir inspeksie beskikbaar stel; en
  - (ii) 'n skriftelike verslag voorsien oor 'n deel van of al die inligting in die dokument met die monitering- en monsterontledingsresultate, in 'n vorm en teen 'n datum wat die gemagtigde amptenaar bepaal.

### Tydlike vrystelling

17.(1) Onderworpe aan artikel 34 en by ontvangs van 'n ten volle gemotiveerde skriftelike aansoek van die eienaar of okkupeerder van 'n perseel of die operateur van brandstofverbrandingstoerusting, kan die Stad skriftelik tydelike vrystelling van een van of al die bepalings van hierdie hoofstuk toestaan.

(2) Enige vrystelling wat ingevolge subartikel (1) toegestaan word, moet ten minste die volgende bevat:

- (a) 'n beskrywing van die brandstofverbrandingstoerusting en die perseel waar dit gebruik of hanteer word;
- (b) die redes waarom die vrystelling toegestaan word;
- (c) die voorwaardes verbonde aan die vrystelling, indien enige;
- (d) die tydperk waarvoor die vrystelling toegestaan word; en
- (e) enige ander tersaaklike inligting.

(3) Die Stad mag nie 'n tydelike vrystelling ingevolge subartikel (1) toestaan nie tensy die Stad:

- (a) redelike maatreëls getref het om te verseker dat alle persone wie se regte deur die toestaan van die tydelike vrystelling benadeel kan word, wat aanliggende grondeienaars of okkupeerders insluit, bewus is van die aansoek om tydelike vrystelling sowel as van hoe om 'n afskrif daarvan te bekom;

- (b) sodanige persone 'n redelike geleentheid gegun het om teen die aansoek beswaar te maak; en
- (c) enige besware wat ontvang is behoorlik oorweeg en in ag geneem het.

## **HOOFSTUK VI ROOKVRYSTELLINGS UIT WONINGS**

### **Verbod op die vrystelling van donker rook uit wonings**

- 18.** (1) Onderworpe aan artikel 4(1), mag geen persoon vir langer as drie minute altesaam in enige aaneenlopende tydperk van dertig minute donker rook uit enige woning vrystel of sodanige vrystelling toelaat nie.
- (2) Onderworpe aan artikel 31 en op skriftelike versoek deur die eienaar of okkupeerder van enige woning, kan die Stad skriftelik tydelike vrystelling van een van of al die bepalings van hierdie hoofstuk toestaan.
- (3) Onderworpe aan artikel 4(1), mag geen persoon donker rook vrystel of sodanige vrystelling toelaat in so 'n mate dat dit 'n steurnis veroorsaak nie.

## **HOOFSTUK VII VRYSTELLINGS AS GEVOLG VAN OOP VERBRANDING**

### **Magtiging van oop verbranding en materiaalverbranding**

- 19.** (1) Onderworpe aan subartikel (4), mag geen persoon enige materiaal in die ope lug op enige grond of perseel verbrand tensy sodanige persoon eers skriftelike toestemming vir oop verbranding van die Stad verkry het nie.
- (2)(a) Waar 'n derde party namens die eienaar van 'n eiendom oop verbranding wil uitvoer, moet die derde party skriftelike toestemming van die eienaar bekom voordat 'n aansoek om toestemming vir oop verbranding by die Stad ingedien word.
- (b) Die Stad kan oop verbranding uitvoer waar dit redelikerwys vereis word en die eienaar of okkupeerder nie bereik kan word nie.
- (3) In die skriftelike toestemming waarna subartikel (1) verwys, kan die Stad voorwaardes opleë waaraan die persoon wat die skriftelike toestemming versoek, moet voldoen.
- (4) Die Stad mag nie oop verbranding ingevolge subartikel (1) toelaat tensy die Stad tevrede is dat die persoon wat toestemming versoek die onderstaande vereistes voldoende nagekom of hanteer het nie:
- (a) die materiaal moet in die ope lug verbrand word op die grond waarvandaan dit kom;
  - (b) die persoon wat toestemming versoek moet tot die bevrediging van die Stad alle redelike alternatiewe vir die vermindering, hergebruik, herwinning of verwydering van die materiaal ondersoek en beoordeel het ten einde die hoeveelheid materiaal wat in die ope lug verbrand moet word te verminder;
  - (c) die persoon wat toestemming versoek moet die omgewingsimpak van die oop verbranding tot die bevrediging van die Stad ondersoek en beoordeel het;

- (d) die persoon wat toestemming versoek moet hetsy 'n kennisgewing geplaas het in 'n plaaslike koerant wat in die omgewing verskyn, of die eienaars en okkupeerders van alle aanliggende eiendomme skriftelik in kennis gestel het van –
  - (i) alle bekende besonderhede van die voorgestelde oop verbranding; en
